Boodskap by Roudiens van ds W E H Söhnge

5 Sept 1995
6 Sept 1995
NG Kerk
Crosby-Wes

Ps. 30 vs 1–13

Teks Ps. 30 vs 12 v 13

Hd. psalm is 'n lofhed wat ook ~~n [illegible]~~ die bask. van droefheid v dood uitsluit (vs. 12) mr a.d. einde die lof van God deur laat triumfeer (vs 13)

Waarom uit gekies vir hd. diens?

① Omdat ons as Xtene nooit moet vergeet dat die diepste wortels van ons lewe, ons geloof en getuienis een is van lof, dank en prysing

② Omdat die diepste getuienis van die lewe van hd. dienskneg v.d. Here een was van lof en sang. Hy was prediker, pastor, trooster in gehoorsaamheid a.d. roepstem v.d. Here. Gedenk i.d voorbeeld v sy vader (Rynse Sending) en moeder het hy sy taak as Evang. dienaar hier in Cr/Wes vir 23 jaar vervul (1949–1972).

Maar wat baie gemeentelede nie geweet en miskien ook nie altyd verstaan het nie, was dat diep in sy wese daar die lofsang van sy siel was wat hy nie uitgesing het nie, maar uitgedink het in sy orrel-

Komposisies van Koormuke (een bundel gepubliseer). Meer as 100 orreluitvoerings waarin hy die lof en eer v God wat diep in sy siel geleef het, in sy orrel-musiek en orrelspel uitgejubel het

— Gedrenk i.d. tradisie van plek wat Duitse Kerk-orrel ingeneem het i/d lewe van die Kerk in D/land

# Wilhelm Ernst Heinrich Söhnge

## 27 Mei 1909 – 2 September 1995



## Gesang 317

Halleluja, ewig dank en ere,
wysheid, krag, aanbidding, lof,
word U hier soos in die hemel, Here,
toegebring uit aardse stof.
Hou ons in U liefde, troue Vader,
Seun van God, verleen ons U genade;
u gemeenskap, Gees van God.
Ja, dit is ons blye lot!

## Gesang 353

4 Ek weet aan wie'k my toevertrou het,
al wissel dan ook dag en nag;
ek ken die Rots op wie'k gebou het,
van wie ek al my heil verwag.
Eens aan die einde van my lewe,
sal ek, van alle sorge vry,
vir elke dag my hier gegewe
u hoër, reiner loflied wy.

5 Dank, Vader, dank vir u genade -
dis onverdiende guns alleen!
Beoordeel U na reg my dade,
waar sal ek skuil, waar vlug ek heen?
Maar nee, ek mag, ek wil nie vrees nie,
U spreek my vry om Jesus bloed;
ek sal nie meer bekommerd wees nie -
in Hom is rus vir my gemoed.

Diens:
6 September 1995, 14:00
NG Kerk Crosby-Wes,
Johannesburg

Liturg: Dr Beyers Naudé

Skriflesing: Ps 30: 1-13

Orrelis: Christa Havenstein

Koor: Aasvoëlkop Kerkkoor

Fluit: W E H Söhnge (kleinseun)

Musiek: Ds W E H Söhnge

Ons dank en loof God die Skepper en Vader
vir die aardse lewe en talente van ons
eggenoot, vader en grootvader

**Wilhelm Ernst Heinrich Söhnge**

Onder die leiding van die Heilige Gees
het hy aan talle deur sy Woordbediening
'n geloofsvisie geopenbaar en perspektief op die
Koninkryk van ons Here Jesus Christus gebied.

In sy komposisies het hy God Drie-enig toegejubel:

**Lobe den Herrn!**

Hy laat vir ons 'n waardevolle skat van
geestelike en kulturele rykdom na
wat ons met groot dankbaarheid koester.

*Heilig, heilig, heilig - sing ons;*
*aan U bring ons lof en ere,*
*U wat was, is en sal wees, Here!*

## Gesang 8

1 Loof, heel die skepping, loof die Heer,
verhef u stem om Hom te eer!
Kom en prys Hom! Halleluja!
Die aarde op sy vaste baan,
die wolke en die silwer maan,
kom en loof Hom, kom en prys Hom!
Halleluja! Halleluja! Halleluja!

2 Hy is ons God wat alles dra,
en niemand ooit om bystand vra.
Kom en prys Hom! Halleluja!
Sy krag in droefheid, krag in leed,
sal niemand ooit na waarde meet.
Kom en loof Hom, kom en prys Hom!
Halleluja! Halleluja! Halleluja!

3 Laat alles voor die Skepper buig
en Hom ootmoedig dank betuig.
Kom en prys Hom! Halleluja!
Loof, loof die Vader, Seun en Gees,
drie-enig' God, met heil'ge vrees.
Kom en loof Hom, kom en prys Hom!
Halleluja! Halleluja! Halleluja!

## Psalm 66

1 Juig aarde, juig met blye galme,
laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dank'bre psalme,
en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke,
geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke
en buig hom kruipend voor sy mag.

7 Kom luister toe, o Godgesinde!
Kom, almal wat die Here vrees!
Ek sal vertel aan al sy vrinde
wat Hy gedoen het aan my gees.
Ek het geroep, God het geluister
toe alles nag was om my heen;
en voor die lig skyn deur die duister,
was God my lof, net Hy alleen.